- As u die veldtog wil ondersteun, stuur ‘n epos na **handsoffourgrants@blacksash.org.za**

- Kom neem deel in ons massa-aksie in Kaapstad, Johannesburg en Durban te 12 Oktober (Kaastad), en 17-18 Oktober 2016.

- Sluit aan by die Amandla.mobi ‘Hands Off Our Grants’ petisie deur om https://awethu.amandla.mobi/petitions/hands-off-our-grants te besoek. As u nie toegang tot die internet het nie, kan u wel die woord ‘grants’ stuur in ‘n SMS, of ‘n Please call me te stuur/ of Whatsapp aan 074 357 6937.

Ons weier om stil te bly oor die swaarkry en stryd van arme en kwesbare mense wat geraak word deur hierdie ongemagtigde en dikwels bedrogsaktiwiteite. As gevolg hiervan ondervind baie toelaagontvangers voedseltekorte en is nie in staat is om hul medisyne te neem nie. Baie, veral mense in landelike gemeenskappe, sukkel om ‘n hul probleme op te los, en spandeer ekstra geld op vervoer en lugtyd, meestemale met min sukses.

Vir meer inligting - stuur ‘n epos aan:
handsoffourgrants@blacksash.org.za

BlackSashSouthAfrica

#handsoffourgrants | @black_sash | www.blacksash.org.za

HANDS OFF OUR GRANTS CAMPAIGN

Kom ons neem WEER aksie!

Hands Off Our Grants Veldtog

(HOOG)

In Oktober 2015, het meer as 1 200 mense van verskeie burgerlike organisasies geëis dat ongemagtigde, onwettige, oneerlike en immorele aftrekkings van SASSA toelaagontvangers se bankrekeninge gestop word.

Dit is nou Oktober 2016 en ons is weer hier!

Nuwe regulasies wat in Mei 2016 gepubliseer was, het bedoel om die vloed van ongemagtigde, onwettige, bedrieglike en immoreel debietorder aftrekkings van SASSA bankrekeninge te stop. Cash Paymaster Services (CPS) en Grindrod Bank was opdrag gegee om die debietorder fasiliteit van die SASSA bankrekening te verwyder.

Maar, in Junie 2016 het Net1 (wat CPS besit), en 'n paar van hul vennote, insluitende Moneyline, Manje Mobile Services, en ander maatskappye die regering hof toe geneem. Hulle is die applikante/aansoekers wat in vier hofsake hierdie nuwe regulasies bevraagteken. Die applikante vra die Hooggeregshof vir 'n beslissing oor SASSA en die Department Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) se interpretasie van die funksie van die huidige SASSA bankrekening en of dit wel debietorders toelaat en insluit. Ook vra hulle vir 'n interpretasie van die nuwe regulasies en sekondêr die geldigheid van die nuwe regulasies. Verder bevraagteken hulle ook die gesag van die DMO en die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling om elektroniese debiete in die bank domein te reguleer. Hulle het ook gevra dat die nuwe regulasies ongrondwetlik verklaar word, indien die bogenoemdes se interpretasie wel korrek is.

Die Black Sash en ses mede-applikante vra die hof om te beslis dat die Minister wel regulasies kan publiseer om SASSA toelaes van uitbuiting te kan beskerm, as: (a) DMO en SASSA se interpretasie korrek is; en (b) selfs as hul interpretasie van die nuwe regulasies ongrondwetlik is. Die regering moet die geleentheid gegun word om die nuwe regulasies reg te stel, as dit foutief is, om toelaagontvangers van roofsugtige en gewetenlose finansiële en ander derde-party diensverskaffers te beskerm.

Vir maande het ons bewyse ingesamel en getuienisse van geaffekteerde persone oor geld wat afgetrek word van hul bankrekeninge, sonder hul toestemming of ingeligte toestemming. Berigte in die media wys ook dat gevalle van verdagte aftrekkings voortduur en aan die toeneem is. Die stelsel wat SASSA in plek gestel het om aftrekkingsgeskille op te los, werk nie goed nie, en laat baie toelaagontvangers wat aansoek gedoen het om hierdie geskille op te los, sonder antwoorde en/of kan nie hul geld terugeis nie. Dit MOET OPHOU! Hierdie veldtog glo vas dat die grondwetlike reg op sosiale sekerheid bevestig moet word.

Ten slotte, ons let wel dat in April 2014, die Konstitusionele Hof beveel het dat SASSA binne 14 dae, as hulle nie 'n nuwe tender toeken nie, 'n verslag indien en aan die Hof aan te dui "of en wanneer hulle gereed is om die toelaes self te kan betaal " (inbronning). In November 2015, het SASSA 'n plan aan die Hof voorgelê met duidelike aflewerbares en tydsraamwerke om die diens self oor te neem, voor die einde van die CPS / SASSA kontrak wat teen die einde van Maart 2017 verstrek.

Ons moniteer noukeurig hierdie beloofde vordering van SASSA.**Die HOOG Veldtog, wat gelei word deur die Black Sash doen 'n beroep om:**

- Te verseker dat die SASSA inbronning, met ander woorde die administrasie en betaling van toelaes teen 1 April 2017 wel gebeur,
- Die skepping van 'n spesiale en beskermde SASSA bankrekening;
- 'n Verbeterde implementasie van die SASSA beroepstelsel (recourse system);
- Die terugbetaling van betwiste aftrekkings met bankfooie en rente teruggedateer tot 2012; en
- Dat vertroulike en persoonlike inligting van SASSA toelaagontvangers beskerm word vir almal in die SASSA toelaagstelsel.

Black Sash, die Vereniging vir Gemeenskapsadvieskantore van Suid-Afrika (ACAOSA), ondersteunende organisasies en SASSA toelaagontvangers vra u ondersteuning soos volg:

- Registreer u betwiste debietorde aftrekkings met u plaaslike SASSA kantoor onmiddellik of bel SASSA se tolvrye nommer 0800 60 10 11. Indien nodig, eskaleer u dispuut na SASSA se streek-; provinsiale en nasionale kantore.